LAERSKOOL SECUNDA

13 Januarie 2023

Geagte ouers,

KLEREWINKEL BESTELLINGS

Ons het 'n geleentheid geidentifiseer om 'n makliker en vinniger proses in te stel vir die aankoop van skoolklere.

Indien u die grootte van die item weet wat u vir u kind wil aankoop, kan u die volgende proses volg:

Stuur 'n e-pos met die item naam / beskrywing, grootte en die bedrag verskuldig na skakel@secundalaer.co.za.

Na bevestiging van voorraad, sal u 'n faktuur via e-pos ontvang om 'n eft betaling te doen. Na die betaling in ons bankrekening reflekteer sal dit tot en met 5 werksdae neem om die item/s te ontvang. Bestellings sal vir u kind se voogonderwyser gestuur word of beskikbaar wees by die kantoor se ontvangs. Grasie vir 'n aanlyn betaling sal slegs een dag wees na die uitmaak van die faktuur. Bewys van betaling moet duidelik gemaak word as volg: **KLERE – Kind se naam & graad**. Indien die betaling nie ontvang word nie sal die bestelling gekanselleer word.

Let asseblief daarop dat die klerewinkel tye steeds soos normaal sal werk. Aankope kan ook nog steeds deur die klerewinkel gedoen word, waar groottes aangepas kan word.

Terme en kondisies:

- Geen "nood" bestellings sal geakkommodeer word nie, aangesien die personeel klas gee.
- Geen aanlyn bestellings word gedoen gedurende vakansies nie en die klerewinkel opening en sluit datums sal kwartaaliks op die D6 en op ons webblad beskikbaar wees.
- Bestellings geskied slegs 2 weke na elke kwartaal begin en sluit 2 weke voor elke kwartaal eindig.

Rissikstraat
Privaatsak X1035
SECUNDA
2302

Tel: (017) 634 7612/3
Faks: (017) 634 8207
skakel@secundalaer.co.za
chrissie@secundalaer.co.za

LAERSKOOL SECUNDA

- Opgedateerde pryse van kledingstukke is beskikbaar op die klerelys wat gereeld op die D6 en ons webwerf gelaai word.
- Die omruil van enige aanlyn aankope sal direk by die klerewinkel geskied.

Ons glo die nuwe proses sal tot voordeel van ons ouers wees.

Groete,

Me. C. Holder
BEMARKINGBESTUURDER

Mnr. J. Bothma
HOOF

Rissikstraat
Privaatsak X1035
SECUNDA
2302

Tel: (017) 634 7612/3
Faks: (017) 634 8207
skakel@secundalaer.co.za
chrissie@secundalaer.co.za